

LES 8 – VERSKUIWINGS

MOET WEET:


- Wat is verskuiwings?
- Onderskei tussen die tipe verskuiwings (NB diagramme).
- Die gepaardgaande landvorme en kenmerke van verskuiwings.
- Die waarde van hierdie landvorme vir mense.

BRONNE:

- Inligting op bladsy 2.
- Handboek: Verskuiwings
- Skandeer die QR kode of volg die skakel op bladsy 2.
- Werkblad


WERKBLAD: *Gebruik die inligting op bladsy 2 en jou handboek om die werkblad wat volg in jou werkboek te voltooi.*

1. Definieer die konsep 'verskuiwing'.
2. Bestudeer die onderstaande figuur en beantwoord die vrae wat daarop volg.



- 2.1 Noem die tipes verskuiwings by A, B en C onderskeidelik.
- 2.2 Onderskei tussen 'n normale verskuiwing en 'n omgekeerde verskuiwing. Teken 'n skets van elkeen om jou antwoord te illustreer.
- 2.3 Identifiseer die volgende: (Skryf slegs die letter A – C langs die vraagnommer neer)
 - (a) die verskuiwing vind plaas deur trekspanning
 - (b) die verskuiwing vind plaas deur drukspanning
 - (c) die verskuiwing waar die een rotsblok horisontaal langs 'n ander gly.
 - (d) die verskuiwing wat veroorsaak dat rotsblokke opgeskuif word.







3. Bestudeer die onderstaande figuur en beantwoord die vrae wat daarop volg.



- 3.1 Identifiseer die landvorme by A en B onderskeidelik.
- 3.2 Noem die soort verskuiwing wat by C plaasgevind het.
- 3.3 Verduidelik die verskil tussen 'n blokberg en 'n skeurvallei.
- 3.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die invloed van blokberge en skeurvalleie op menslike bedrywighede.

ONDERWERP: VERSKUIWINGS

BESTUDEER HIERDIE ONDERWERP MET DIE VOLGENDE VRAE IN GEDAGTE!

Hoe lyk dit?	Wat is dit?	Watter soort landvorme ontstaan?
<p>1. Normale verskuiwing</p> 	<p>Verskuiwing - Rotse kan kraak of breek indien dit onder groot druk verkeer. Een deel van die rots kan dan verby of bo-oor die ander skuif. Hierdie breuk word 'n verskuiwing genoem.</p> <p>Wat is die tipes verskuiwings?</p> <ul style="list-style-type: none"> • Normale verskuiwing - word deur trekspanning veroorsaak (rotslae wat gerek of uitmekaar getrek word). • Omgekeerde verskuiwing - word deur drukpanning veroorsaak (die gesteentes word vasgedruk of saamgepers). • Dwarsverskuiwing – word deur laterale (sywaartse) kragte veroorsaak (rotsblokke gly sywaarts verby die ander) 	<p>Watter soort landvorme ontstaan?</p>  <ul style="list-style-type: none"> • Blokberg – word gevorm wanneer rotsblokke opwaarts gedruk word. • Skeurvallei – 'n strook laagland tussen berge, wat deur 'n afskuiwing gevorm word. • horst – 'n verhewe of opskuiwingsblok.  <ul style="list-style-type: none"> • graben – versenke of afskuiwingsblok.
<p>2. Omgekeerde verskuiwing</p> 	<p>Waar is dit?</p> <ul style="list-style-type: none"> • Oos-Afrika skeurvallei – oostelike deel van die Afrika-plaat is besig om weg te breek van die westelike deel. • San Andreas-verskuiwing – die Pasifiese plaat en die Noord-Amerikaanse plaat beweeg saam 	<p>Wat is die impak op menslike bedrywighede?</p> <p>Blokberge</p> <ul style="list-style-type: none"> • Toeriste-aantreklikhede • Dikwels yl bewoon. • Kan plekke vir beskutting, uitkykpunte en forte verskaf. <p>Skeurvalleie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Steil wande word verskuiwingseskarpe genoem. • Eroderende hooglande maak die vallei vrugbaar. • Sedimente wat begrawe is, bewaar fossiele. • Besienswaardig vir toeriste.bv. Oos-Afrika skeurvallei. <p style="text-align: right;"><i>[AC]</i></p>
<p>3. Dwarsverskuiwing</p> 	<p>Volg die skakel of gebruik die QR code om 'n kort video (5min 34 sek) oor verstuurings te kyk.</p> <p>https://www.youtube.com/watch?v=A_ZRtS3QGHw</p>	

